

10 Julie

Jesaja 55:5

Lydenstyd is tyd wat God gee om te kom tot aanbidding

Lyding is oefening vir jou siel. Dit is 'n manier waardeur God jou tot nadenke en inkeer wil roep!

Lê jy miskien nou al maande lank hulpeloos op 'n siekbed? Is jou siel dalk gemartel deur die skandvlek van sonde in jou lewe? Is jou hart verskeur deur smart en weemoed? Voel jy so eensaam en heeltemal afgesny van die lewe?

Dan is dit nou vir jou genadetyd! Dis geleentheid wat God beskik sodat jy Hom sal soek. Juis nou is Hy besonder naby jou. Nou mag jy vasgryp aan die belofte van Christus! "Want elkeen wat bid, ontvang. En die wat soek, vind en vir die wat klop, sal oopgemaak word" (Matt 7:8).

Soek dan nou die Here. Laat tog nie die genadetyd in jou lewe onbenut verbygaan nie. Onthou, die Here sê dat as jy nie luister wanneer Hy roep nie, sal daar 'n tyd kom dat jy na Hom sal roep, maar Hy sal nie antwoord nie, en jy sal Hom soek, maar Hom nie vind nie. As Jesus Christus op die wolke gekom het, dan is dit vir ewig te laat. As jy sterwe sonder Jesus, dan is dit vir ewig te laat!

Wanneer sal Hy kom? Wanneer sal ek sterwe? Dalk vandag nog!

Ons lyding is nie straf op ons sonde nie; daarvoor het Christus ten volle betaal. Ontsettend was sy lyding!

Ons lyding is die roepstem van God dat ons na Hom en sy genade moet soek.

Wie hom soek, vind Hom altyd in Jesus Christus. Die bitterheid van nood, dood en smarte kan jou nie wegsleep na die verderf nie. Dit jubel en juig van alle kant om jou heen. Jy word omring deur vrolike gesange van bevryding.

Gekoester en gedra deur die liefdevolle hand van jou Hemelse Vader breek die sangstem uit: "Wat kan ek die Here vir al sy guns vergeld? Wat kan ek vir Hom bring uit dank vir sy genade?"

Sing: Psalm 116:7

Ds. J. Marais (Nigel)